| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: 721/2007
Saak Aangehoor: 1-3/12/2008
Datum gelewer: 19/12/2008

**In die saak tussen:**

Van der Westhuizen, C C — Eerste Eiser
Spangenberg, M — Tweede Eiser

en

Minister van Veiligheid & Sekuriteit — Eerste Verweerder
Konstabel Desmond Pofadder — Tweede Verweerder

**Coram: Olivier R**

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

1. Die eerste eiser, mnr Christiaan Calitz van der Westhuizen, en die tweede eiser, mnr Martin Spangenberg, het hierdie aksie ingestel teen die eerste verweerder, die Minister van Veiligheid en Sekuriteit (in amptelike hoedanigheid as kabinetslid verantwoordelik vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens), en die tweede verweerder, Konstabel Desmond Pofadder, vir die verhaal van skadevergoeding voortspruitende uit die onregmatige arrestasie en aanhouding van die eisers.

2. In die besonderhede van vordering is die bedrag van R300 000,00 wat in totaal namens elke eiser gevorder is, opgebreek in R200 000,00 vir die aantasting van elk van hulle se "*waardigheid, goeie naam en reputasie*" en R100 000,00 vir die aantasting van elkeen se "*reg op vryheid en menswaardigheid*".

3. By die aanvang van die verhoor het mnr Mene, die advokaat vir beide verweerders, toegegee dat die arrestasies en aanhouding onregmatig was en dat die verweerders dus aanspreeklik sou wees vir sodanige skade as wat die eisers sou kon bewys. Die verhoor het dus net op die omvang van die skade voortgegaan.

4. Die toegewing is heeltemal tereg gemaak, want die arrestasies en aanhouding was duidelik onregmatig. Geen lasbriewe is verkry nie en, afgesien daarvan dat die tweede verweerder later erken het dat hy nie gedink het dat hy optree in die uitoefening van 'n statutêre bevoegdheid toe hy die eisers gearresteer het nie, het dit ook duidelik geblyk uit die getuienis (veral dan ook van die kant van die eisers) dat hy nie op grond van die bepalings van artikel 40(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977, die eisers regmatiglik sou kon arresteer het nie. Die arrestasies was in elk geval ook, selfs al sou die tweede verweerder statutêr die bevoegdheid gehad het om hulle uit te voer, duidelik nie noodsaaklik om die eisers voor 'n Hof te bring, of vir enige ander geldige rede nie (sien **Gellman v Minister of Safety and Security** 2008 (1) SACR 446 (WLD), **Louw and Another v Minister of Safety and Security and Others** 2006 (2) SACR, 178 (T), **Ralekwa v Minister of Safety and Security** 2004 (2) SA 342 (T) en **Olivier v Minister of Safety and Security and Another** 2008 (2) SACR 387 (W)).

5. Namens die eisers is die getuienis aangebied van mnr Le Roux, 'n prokureur wat praktiseer in die firma Le Roux en Genote Ing. te Kakamas en wat die eisers verteenwoordig het tydens die betrokke gebeure (en steeds ten tye van die verhoor), asook dié van die twee eisers self. Namens die verweerders is slegs die getuienis van die tweede verweerder aangebied.

6. In wat volg, behandel ek eerstens die omstandighede rondom die arrestasies. Behalwe waar hieronder anders aangedui, was die meeste daarvan gemenesaak of nie werklik betwis nie.

7. Die eerste eiser is woonagtig en werksaam, met die verbouing van druiwe vir die uitvoermark, op sy plaas Wolwehoek in die distrik van Kakamas, binne hierdie Hof se regsgebied. Die tweede eiser is ook daar werksaam, in diens van 'n maatskappy wat deur die eerste eiser bedryf word vir die doeleindes van die boerdery.

8. Op Donderdag 14 September 2006 het daar op die plaas 'n voorval plaasgevind tussen die eisers en 'n persoon, wat daartoe gelei het dat die betrokke persoon by die Suid-Afrikaanse Polisiediens te Kakamas kriminele aanklagte teen hulle aanhangig gemaak het.

9. Op Vrydag 15 September 2006 het dit tot beide eisers se aandag gekom dat die polisie hulle wou arresteer op 'n aanklag van poging tot moord. Die eerste eiser was op daardie stadium uitstedig.

10. Mnr Le Roux het hulle toe gerusgestel en meegedeel dat hy 'n reëling sou tref dat hulle die Maandag, 18 September 2006, met die polisie gesels.

11. Mnr Le Roux het op Sondag 17 September 2006 by die polisiestasie te Kakamas 'n gesprek gevoer met die tweede verweerder, wat geblyk het die ondersoekbeampte in die betrokke saak te wees. Tydens dié gesprek het die tweede verweerder gesê dat hy van plan was om die eisers te arresteer. Mnr Le Roux het toe onderneem om die Maandagoggend om 10:00 met die eisers by die polisiestasie te wees om samesprekings te voer, klaarblyklik oor die sprake dat die eisers gearresteer sou word en om dit te probeer voorkom. Die tweede verweerder se reaksie daarop was dat, indien hy die eisers in die hande sou kry (vermoedelik voordat hulle die Maandagoggend met hulle prokureur na die polisiestasie sou gaan), hy hulle sou arresteer.

12. Hierop het mnr Le Roux die tweede verweerder versoek om, as hy dan die eisers wou arresteer, dit so te doen dat 'n borgaansoek nog op dieselfde dag van die arrestasies gedoen kon word. Die tweede verweerder se reaksie hierop was dat hy, volgens hom, 48 uur tyd gehad het voordat hy die eisers voor 'n Hof hoef te bring ná hulle arrestasie en dat hy van voorneme was om daardie tyd te gebruik.

13. Op mnr Le Roux se vraag of hy beswaar sou hê teen borg, was die tweede verweerder se reaksie dat dit maar met die aanklaer opgeneem moes word.

14. Op Maandag 18 September 2006 het mnr Le Roux eers met die eisers gekonsulteer en toe namens elk van hulle 'n beëdigde

verklaring voorberei om aan die polisie te gee as waarskuwingsverklarings. Op daardie stadium het mnr Le Roux ook per telefaks 'n skrywe gerig aan die Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Noordkaap, en wel meer spesifiek aan die afdeling wat gemoeid is met siviele eise teen die eerste verweerder. In die betrokke skrywe is duidelik gemaak dat die eisers skuld ontken het, dat hulle bekende persone met gevestigde belange in die omgewing was, dat hulle waarskuwingsverklarings reeds gereed was en dat hulle bereid was om hulle volle samewerking te gee met die ondersoek.

15. Mnr Le Roux het ook in die skrywe versoek dat "*nie voortydig met arrestasie*" voortgegaan word nie en dat die Provinsiale Kommissaris "*ingryp in hierdie vergryp van mag*".

16. Teen 10:00 die Maandag was mnr Le Roux en die eisers by die polisiestasie, en so ook ene mnr Olivier, wat verbonde was aan 'n plaaslike boerevereniging en wat mnr Le Roux laat saamgaan het as 'n onafhanklike waarnemer en met die oog op latere getuienis aangaande die samesprekings, indien dit nodig sou raak.

17. Op daardie stadium was daar heelwat lede van die publiek buite die polisiestasie teenwoordig en is rassistiese opmerkings teenoor of van die eisers gemaak.

18. Die tweede verweerder het laat opgedaag, maar uiteindelik is almal van hulle, en ook twee seniors in rang van die tweede verweerder, naamlik Kaptein Steenkamp en Kaptein Beukes, in 'n kantoor in waar 'n gesprek toe gevoer is.

19. Mnr Le Roux het namens die eisers die standpunt gestel dat die arrestasie van die eisers onnodig sou wees en dat hulle bereid was om hulle volle samewerking te gee. Hy het die verklarings van die eisers daar beskikbaar gestel aan die tweede verweerder, dit gestel dat die eisers skuld ontken het en ook die name en besonderhede openbaar van onafhanklike ooggetuies wat die eisers sou kon staaf.

19.1. Alhoewel die tweede verweerder aanvanklik in sy getuienis getuig het dat mnr Le Roux die betrokke verklarings "*ingegee*" het, het hy later met die weergawe vorendag gekom dat mnr Le Roux bloot die verklarings oor die tafel in sy rigting geskuif het, en het hy klaarblyklik probeer te kenne gee dat dit nie duidelik was of mnr Le Roux besig was om die verklarings aan hom te oorhandig nie.

19.2. Afgesien van die teenstrydigheid in sy getuienis in hierdie verband, is dit eenvoudig totaal onwaarskynlik dat die tweede verweerder, as ondersoekbeampte, nie dadelik sou besef het dat die betrokke verklarings vir sy aandag bedoel was nie; destemeer in die lig van mnr Le Roux se onbetwiste getuienis dat hy op daardie stadium ook die inhoud van die betrokke verklarings daar uitgelig het teenoor die polisiebeamptes.

20. Die tweede verweerder was egter onversetlik in sy standpunt dat hy met die arrestasies sou voortgaan, dat hy geen voorkeur aan die saak of aan die eisers sou gee nie en dat hy 48 uur tyd sou hê ná sodanige arrestasies om sy ondersoek in te doen.

21. Mnr Le Roux se getuienis was dat Kaptein Steenkamp te kenne gegee het dat hy glad nie met die tweede verweerder se

houding kon saamstem nie en dat hy hom, inteendeel, daarvan distansieer, en Steenkamp het hom van die samesprekings onttrek. Hy het verder getuig dat Kaptein Beukes egter die houding ingeneem dat die ondersoekbeampte in 'n saak die een was wat die besluit sou moes neem oor arrestasie aldan nie.

22. Soos hieronder ook sal blyk, is ook hierdie getuienis van mnr Le Roux nie in kruisverhoor aangeval nie, maar het die tweede verweerder in sy latere getuienis hierdie rolle en reaksies net mooi omgeruil en beweer dat Beukes die een was wat hom distansieer het. Nie veel draai egter hierom nie.

23. Mnr Le Roux het ook daar aan die tweede verweerder die inhoud voorgehou van instruksies van die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangaande omstandighede waaronder polisiebeamptes arrestasies behoort te vermy. Daarin is vorige opdragte rakende arrestasies ingetrek en is ondermeer gesê dat arrestasie "*as die **absolute laaste uitweg** beskou moet word*" wanneer oorweging verleen word aan hoe om 'n verdagte in 'n bepaalde geval voor die Hof te bring.

24. Daar is reeds op 30 Mei 2005 deur die Stasiekommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens te Kakamas 'n sertifikaat uitgereik tot die effek dat die inhoud van die betrokke instruksies met lede opgeneem is.

25. Hoe dit ookal sy, die tweede verweerder het toe ná ongeveer 'n uur te kenne gegee dat hy die aangeleentheid met sy eie seniors, by die speurtak van die Suid-Afrikaanse Polisiediens te Kakamas, wou gaan bespreek. Hy is daar weg, maar het die twee

verklarings nie met hom saamgeneem nie. Mnr Le Roux en die eisers het daar bly wag.

26. Mnr Le Roux se getuienis was dat hy teen ongeveer 11:30, en weer teen ongeveer 12:30, die tweede verweerder op sy selfoon geskakel het om te verneem of daar al ‘n besluit was. Volgens hom het die tweede verweerder telkens meegedeel dat hy nog besig was om met sy seniors te praat.

26.1.Mnr Le Roux se getuienis was verder dat, kort ná die laaste gesprek tussen hom en die tweede verweerder, hy weer die tweede verweerder geskakel het en hom toe meegedeel het dat hy en die eisers eers sou vertrek, en dat hy aan die tweede verweerder sy selfoonnommer en kantoor telefoonnommer gegee het en onderneem het om dadelik die eisers weer polisiestasie toe te neem indien so versoek.

26.2.Volgens mnr Le Roux was die tweede verweerder egter nie bereid om ‘n onderneming te gee dat hy hom sou skakel nie en het hy bloot die houding ingeneem dat mnr Le Roux hom maar weer kon bel.

26.3.Die tweede verweerder se getuienis in hierdie verband was dat hy van slegs een telefoonoproep van mnr Le Roux in daardie periode bewus was en dat hy nie kon onthou of daardie gesprek met hom persoonlik gevoer is nie, maar dat hy wel kon onthou dat dit, soos wat hy dit gestel het, aan hom oorgedra is dat die eisers eers huistoe sou gaan en dat mnr Le Roux geskakel kon word om hulle weer na die polisiestasie terug te neem indien nodig.

27. Ek moet sê dat ek my bedenkinge het oor of die tweede verweerder werklik van die samesprekings weg is om met 'n oop gemoed met sy seniors te gaan konsulteer en aan hulle oor te dra wat die posisie en standpunt van en namens die eisers was.

27.1.Hy het nie, byvoorbeeld, hulle waarskuwingsverklarings aan sy seniors gaan voorhou nie. Sy getuienis was bloot dat Andrews die dossier deurgegaan het. Daar was nie eers 'n suggestie dat hy aan Andrews minstens verduidelik het wat mnr Le Roux gesê het in verband met die eisers se weergawes en van die bestaan van onafhanklike ooggetuies en, selfs van meer belang, van die bestaan van instruksies wat teen sulke arrestasies dui nie.

27.2.Ek handel weer later met die laasgemelde aspek, maar 'n mens sou verwag het dat, as die tweede verweerder werklik dit wat hy by die samesprekings gehoor het, ernstig opgeneem het en daardeur beweeg is om by sy seniors te gaan aanklop om raad, hy daardie inligting aan sodanige seniors sou oordra.

28. Toe die eerste eiser huistoe is vanaf die polisiestasie, het hy opgemerk dat daar op die toneel van die voorval van 14 September 2006 'n aantal polisiebeamptes en lede van die publiek, wat hy herken het as prominente lede van 'n politieke party, was.

29. Kort daarna, net voor 14:00 op die Maandag, is die eerste eiser toe by sy huis op die plaas Wolwehoek gearresteer. Die eerste eiser se getuienis was dat nie net sy vrou by dié geleentheid teenwoordig was nie, maar ook tussen 15 en 25 van sy werknemers (of dan van die maatskappy wat hy bedryf het), en ook 'n verteenwoordiger van 'n maatskappy wat chemiese

produkte aan hom en baie ander boere in die omgewing bemark het.

29.1.In kruisverhoor is daar aan die eerste eiser gestel dat slegs die tweede verweerder en een verdere polisiebeampte op die toneel was, en ook slegs een polisievoertuig, en dat slegs die eerste eiser se vrou teenwoordig was tydens sy arrestasie. Dit het geblyk dat dié stellings gemaak is op die spesifieke instruksies van die tweede verweerder.

29.2.Nadat die tweede verweerder foto's gesien het wat die eerste eiser se vrou by daardie geleentheid geneem het, moes hy egter toegee dat daar bloot volgens die foto's al minstens vyf polisiebeamptes en meerdere polisievoertuie op daardie toneel moes gewees het, asook ander persone as die eerste eiser en sy vrou.

29.3.Die houding wat die tweede verweerder toe ingeslaan het dat hy eintlik nie self kon onthou van ander polisievoertuie en polisiebeamptes op die toneel nie, en maar bloot die toegewing gemaak het op sterkte van wat die foto's vertoon, is nie alleen totaal onwaarskynlik nie, maar ook strydig met sy latere beslistheid dat geeneen van die polisiebeamptes op die toneel wit was nie en dat die wit persone op die foto's dus nie polisiebeamptes kon gewees het nie. As hy hierdie tipe detail kon onthou, sou hy sekerlik darem kon onthou het, minstens, of daar afgesien van hom en Inspekteur George en hulle voertuig, ook nog 'n ander polisievoertuig of - voertuie en ander polisiebeamptes teenwoordig was.

29.4.Ewe onwaarskynlik, en inteendeel ooglopend vals, is die tweede verweerder se bewering dat hy so gefokus was op die eerste eiser, dat hy glad nie die klomp ander persone op die toneel of in die onmiddellike nabyheid sou gesien het nie.

29.5.Dit is duidelik dat daardie mate van polisie-betrokkenheid nie nodig was nie en geen ander afleiding kan gemaak word nie as dat dit deel was van 'n magsvertoon teenoor en ten koste van die eerste eiser.

29.6.In die lig van die houding van die tweede verweerder tot op daardie stadium, en sy ooglopende vals getuienis in hierdie verband, kan daar weinig twyfel wees dat hy, as ondersoekbeampte, instrumenteel was in hierdie magsvertoon.

30. Die eerste eiser en mnr Le Roux se getuienis was dat die eerste eiser, nadat hy gearresteer is maar voordat hy in die vangwa weggeneem is, met sy selfoon vir mnr Le Roux geskakel het en dat laasgemelde hom versoek het om die selfoon aan die tweede verweerder te oorhandig, aangesien hy met hom wou praat.

30.1.Volgens die eerste eiser het die tweede verweerder egter bloot geweier om met mnr Le Roux te praat.

30.2.In kruisverhoor is dit as 'n feit aan die eerste eiser gestel dat die eerste eiser nooit aan die tweede verweerder oorgedra het dat Le Roux met hom wou praat nie.

30.3.In sy latere getuienis was die tweede verweerder egter nie bereid om verder te gaan as om te sê dat hy nie so 'n versoek kon onthou nie. Die tweede verweerder het toegegee dat sy

advokaat se stelling dan verkeerd sou wees, en ook uiteindelik dat daardie stelling gemaak is op grond van instruksies wat hy vroeër aan sy advokaat gegee het.

31. Daar is toe, met die eerste eiser agterin die vangwa (bakkie), gery na waar die tweede eiser by sy moeder woonagtig was. Dit is 'n ent verder buite Kakamas as waar die eerste eiser woonagtig is en gearresteer is, maar blykbaar in dieselfde rigting.

32. In dié proses het die polisiebakkie deur 'n gebied beweeg waar heelwat van die eerste eiser se werkers woonagtig was en waar heelwat van die ander boere in die omgewing woonagtig was. Die eerste eiser se getuienis was dat die polisievoertuig stadig beweeg het en dat die doel daarvan, en van die feit dat hy eerste gearresteer is, was om hom voor al dié bekendes te paradeer waar hy agterin 'n vangwa gesit het waarin, volgens hom, nog bloed ook was.

33. Nadat die tweede eiser toe ook gearresteer is, is hulle na die polisiestasie te Kakamas geneem. Daar was alreeds van hulle familie en vriende teenwoordig, ondermeer die eerste eiser se vader.

33.1. Mnr Le Roux het ook daar opgedaag. Hy het dieselfde verklarings as wat hy reeds die oggend aan die tweede verweerder probeer gee het, toe aan hom oorhandig as die waarskuwingsverklarings van die eisers.

33.2. Mnr Le Roux se getuienis dat die dossier toe voltooi is voordat die eisers om ongeveer 15:00 in 'n sel geplaas is, is onbetwis

gelaat, en so ook die getuienis dat die publiek in die polisiestasie vanaf die aanklagkantoor kon sien wie in die sel is.

33.3. Mnr Le Roux het die tweede verweerder versoek om die dossier na die Landdroskantoor te stuur, sodat ‘n borgaansoek nog daardie middag gedoen kon word. Hy het ook die tweede verweerder meegedeel dat die aanklaer bereid was om die borgaansoek nog daardie dag te hanteer. Die tweede verweerder se reaksie was dat hy die volgende oggend eers die dossier na die landdroskantoor sou neem. Hy was nie bereid om hiervoor ‘n rede te gee nie.

33.4. Hierdie getuienis van mnr Le Roux is nie aangeval nie, maar daar is aan hom gestel dat sy inmenging tydens die administratiewe verrigtinge by die polisiestasie verhoed het dat die eisers betyds Hof toe geneem kon word vir ‘n borgaansoek.

33.5. Toe die tweede verweerder in sy getuienis gevra is om ‘n bietjie meer spesifiek hieroor te wees, was sy verduideliking dat beide eisers die skriftelik uiteensetting van hulle regte eers deurgelees het nadat mnr Le Roux hulle geadviseer het om so te doen. Volgens hom het dit meegebring dat die dossier nie betyds gereed was sodat daar nog binne normale hoftyd ‘n borgaansoek gebring kon word nie.

33.6. Afgesien daarvan dat verantwoordelike advies soos dat verdagtes hulself van hulle regte vergewis, natuurlik nooit as inmenging bestempel kan word nie, is dit totaal onwaarskynlik dat die lees van ‘n blote uiteensetting van sodanige regte vanaf 15:00, toe alle administrasie volgens mnr Le Roux se getuienis

afgehandel was, ‘n vertraging kon meegebring het tot 16:00; wat volgens die getuienis die einde van normale hofure was.

33.7.Die tweede verweerder kon ook nie verduidelik hoekom hy nie, terwyl die regte deurgelees is deur die eisers, sou kon aangegaan het met die ander administrasie rondom so ‘n proses nie.

33.8.Mnr Le Roux se getuienis dat hy kort na 15:00 reeds by die aanklaer was en dat dié toe al die tweede verweerder geskakel het en deur laasgemelde meegedeel is dat die dossier nie voor 16:00 gereed sou wees nie, is ook onbetwis gelaat.

33.9.Afgesien daarvan dat die tweede verweerder se latere getuienis dat die aanklaer hom eers ná 16:00 geskakel het, strydig is met hierdie onbetwiste getuienis, is dit ook totaal onwaarskynlik. Die getuienis was duidelik tot die effek dat ‘n borgaansoek nie ná 16:00 meer moontlik sou wees nie en dit sou dus geen doel gedien het vir die aanklaer om eers ná 16:00 te bel om die dossier te bekom nie.

34. Die eisers is toe in ‘n ander sel by die polisiestasie geplaas en vir die nag daar aangehou.

34.1.Ten spyte daarvan dat daar nog ander oop selle was, is daar deur die loop van die nag nog vier ander verdagtes by hulle in dieselfde sel geplaas, wat gearresteer was op klagtes wat ondermeer met geweld, ‘n vuurwapen en huisbraak te make gehad het.

34.2.Daar was geen beddens nie en die eisers moes tussen 'n klomp vuil komberse en matte iets kies om op te slaap. Daar is darem later deur familie vir hulle komberse gebring.

34.3.Die drinkwater- en toiletgeriewe was so vuil dat dit onbruikbaar was. Veral vir die eerste eiser het dit groot ongerief veroorsaak, want hy moes weens 'n onlangse operasie gereeld toegang tot 'n toilet hê. Sy versoeke, vanaf 04:00 die Dinsdagoggend af, om toegang tot 'n bruikbare toilet, het op dowe ore geval en hy moes tot 07:30 die betrokke oggend hiervoor wag.

35. Die volgende oggend was daar by die Landdroskantoor 'n groot publieke teenwoordigheid, bestaande uit mense wat uitgesproke teen die eisers was, asook mense wat hulle geken het en hulle simpatiekgesind was. Die eisers is ten aanskoue van al dié mense agter in 'n polisievangwa daar aangebring en toe in voetboeie voor almal deur die hofsaal geneem na 'n konsultasiekamer.

35.1.Op mnr Le Roux se versoek is die voetboeie later verwyder. Sy getuienis was dat hy al ongeveer 18 jaar daar praktiseer en dat dit beslis nie die reël is dat aangehoudenes in voetboeie na die Hof gebring word nie.

35.2.Die tweede verweerder se relaas was dat, in die lig van vorige ontsnappings, die Stasiekommissaris 'n reëling ingestel het dat alle aangehoudenes geboei ingebring word, hetsy met voetboeie of anders met handboeie aanmekaar vasgeboei.

35.3.Volgens hom behoort dié reëling op skrif te wees, maar daar het nooit in die verhoor so 'n dokument na vore gekom nie.

35.4. Dit val in elk geval vreemd op dat die eisers nie met hulle arrestasies geboei is nie, maar dan in voetboeie na die Hof geneem moes word. Verder is dit vreemd dat iemand wat so 'n vlugrisiko is, dan die volgende oomblik ongeopponeerd borg sal kry, soos wat hier toe wel gebeur het. Daar is egter geen getuienis dat die tweede verweerder persoonlik hiervoor verantwoordelik was nie.

36. Die eisers is uiteindelik teen ongeveer 16:00 die Dinsdagmiddag van 19 September 2006 vrygelaat op borg van R1 000,00 elk, en hulle het dus ongeveer 26 uur in aanhouding deurgebring.

37. Die uiteinde van die kriminele vervolging van die eisers was dat beide van hulle ná sluiting van die staatsaak in terme van artikel 174 van die Strafproseswet vrygespreek en ontslaan is.

38. Beide van hulle het in hierdie verhoor ook hulle verontskuldigende weergawes van die gebeure van 14 September 2006 onder eed gegee en hulle is glad nie in kruisverhoor daaroor aangeval nie.

39. Die tweede verweerder het vir die eerste keer in sy getuienis vorendag gekom met die bewering dat hy die eisers bloot ter nakoming van opdragte, en nie in die uitoefening van sy eie diskresie of op grond van een of ander statutêre magtiging nie, gearresteer het. Hy het te kenne gegee dat dié opdragte die gevolg van politieke druk en inmenging was.

39.1. Volgens die tweede verweerder het hierdie opdragte gekom van ene Superintendent Dumas en Kaptein Beukes, reeds op Vrydag 15 September 2006 al, en van Superintendent Andrews, wat die Maandagoggend 'n soortgelyke opdrag gegee het toe

die tweede verweerder die samesprekings by die polisiestasie verlaat het om met sy seniors te gaan beraadslaag.

39.2.Hierdie weergawe is nooit namens die tweede verweerder in die gesamentlike verweerskrif van die verweerders gepleit nie. In die verweerskrif is inteendeel uitdruklik beweer dat die arrestasies op grond van artikel 40(1)(b) van die Strafproseswet geskied het en daarom regmatig was.

39.3.Ewe belangrik is dat hierdie weergawe ook nooit gestel is aan enige van die eisers of mnr Le Roux nie; dit terwyl die strekking van veral mnr Le Roux se getuienis was dat die tweede verweerder deurentyd duidelik gemaak het dat die besluit in sy diskresie as ondersoekbeampte berus het.

39.4.Andersom gestel, die beeld wat van die kant van die eisers geskep is rakende die tweede verweerder se uitlatings en houding oor die vraag of die eisers gearresteer moes word, was totaal onversoenbaar met die beeld wat 'n mens sou verwag het waar die tweede verweerder opdrag gehad het om die eisers te arresteer en glad nie besig was om in die uitoefening van sy eie diskresie op te tree nie.

39.5.Die gevolge van 'n versuim om getuienis aan te val wat onversoenbaar is met die kruisondervraer se saak, is geyk:

> *"It is true that it does not follow merely from the fact that if a witness' evidence is uncontradicted that it must be accepted. It may be so lacking improbability as to justify its rejection. But where a witness' evidence is uncontradicted, plausible and unchallenged in any major*

*respect there is no justification for submitting it to an unduly critical analysis, ..."*

Per Smalberger AR in **Pezutto v Dreyer and Others** 1992 (3) SA 379 (AD) op 391E-F.

39.6.Daar was hoegenaamd niks onwaarskynliks in hierdie (of enige ander) gedeelte van die getuienis van enige van die eisers of mnr Le Roux nie. Inteendeel, hulle het elkeen op my 'n baie goeie indruk as getuies gemaak.

39.7.Hulle beskrywing van die tweede verweerder se houding word tot 'n groot mate gestaaf deur sy eie optrede tydens die gebeure.

39.8.Hy het, byvoorbeeld, nooit tydens die samesprekings die Maandagoggend geopper dat hy opdrag ontvang het om die eisers te arresteer nie. Een van die persone wat volgens hom so opdrag gegee het, Kaptein Beukes, was teenwoordig.

39.9.Op die eisers se saak was Beukes juis die een wat by die betrokke samesprekings gesê het dat dit die ondersoekbeampte se besluit was om te arresteer of nie. Dit is nooit betwis nie. Ten spyte hiervan was dit later die tweede verweerder se getuienis dat Beukes tydens die samesprekings die houding ingeneem het dat hy nie die arrestasie van die eisers kon ondersteun nie.

39.10.Op enige van hierdie twee weergawes sou 'n mens egter 'n reaksie van die kant van die tweede verweerder verwag het by die samesprekings.

39.11.Indien hy dan gevoel het dat dit nie gepas sou wees om dit in die teenwoordigheid van die eisers en mnr Le Roux te doen nie, sou 'n mens verwag het dat die tweede verweerder 'n geleentheid sou versoek het om privaat met Beukes te praat om hom te konfronteer met sy vroeëre opdragte.

39.12.Niks het die tweede verweerder in elk geval verhoed om hom daar te beroep op die soortgelyke opdrag wat hy volgens hom van Dumas ontvang het nie.

39.13.Die tweede verweerder het ook nie enige melding gemaak van sulke opdragte tydens sy gesprek met mnr Le Roux die Sondag nie; en teen daardie tyd het hy al volgens hom reeds van beide Dumas en Beukes dieselfde opdrag ontvang.

39.14.Nodeloos om te sê, kon die tweede verweerder glad nie in getuienis sy optrede in hierdie verband bevredigend verduidelik nie. Hy het eers beweer dat hy nie kon onthou of hy by die samesprekings die Maandagoggend gemeld het dat hy opdrag gehad het om die eisers te arresteer nie.

39.15.Kort daarna het hy egter aangevoer dat hy dit nie gedoen het nie, omdat hy gevoel het dat dit disrespekvol sou gewees het om sy senior in rang daar te konfronteer met 'n vroeëre opdrag wat heeltemal onversoenbaar was met die houding wat die senior die Maandagoggend daar ingeslaan het.

40. Ek keer op hierdie stadium terug na die instruksie van die Nasionale Kommissaris waarna reeds verwys is. Ek het reeds daarop gewys dat daar al in 2005 te kenne gegee is, in 'n

sertifikaat, dat dié instruksies aan lede in daardie gebied voorgehou is.

40.1.Die tweede verweerder het egter in sy getuienis ontken dat hy ten tye van die gebeure van die instruksies bewus was en aangevoer dat dit eers twee weke ná die arrestasies met hom en ander lede behandel is.

40.2.Die feit van die saak is egter dat dit onbetwis staan dat dié instruksies ten tye van die samesprekings die Maandagoggend pertinent onder die tweede verweerder se aandag gebring is deur mnr Le Roux.

40.3.Die tweede verweerder het op sy eie weergawe nie toe die moeite gedoen om die instruksies te bestudeer nie en het dit, soos reeds gemeld, klaarblyklik ook nie met sy seniors bespreek toe hy na bewering hulle advies gaan soek het nie.

40.4.Hy was dus reeds toe bewus van die instruksies en is gewaarsku dat, as hy die eisers strydig met daardie instruksies sou arresteer, 'n siviele eis sou volg.

40.5.Dit is eenvoudig ondenkbaar dat, waar die tweede verweerder hierdie inligting ontvang het die Maandagoggend, hy nie wie ookal hom voorheen opdrag gegee het om die eisers te arresteer, en wie ookal hom daarna so 'n opdrag sou probeer gee, minstens attent sou gemaak het en sou uitgevra het oor die bestaan en effek van sodanige instruksies nie.

41. Dit maak die tweede verweerder se beweringe aangaande sulke opdragte nog meer onwaarskynlik. Die tweede verweerder was

in elk geval 'n uiters swak getuie. Hy het homself en sy instruksies aan sy regsverteenwoordiger weerspreek en hom voortdurend skuldig gemaak aan deursigtige pogings om vrae te ontwyk. Ek het nie die minste huiwering nie om sy weergawe te verwerp vir soverre strydig met dié van enige van die eisers of mnr Le Roux.

42. Ek meen dat mnr Van Niekerk SC, wat namens die eisers verskyn het, korrek was in sy submissie dat daar in die optrede van die tweede verweerder heelwat aanduidings van kwaadwilligheid was. Inteendeel, mnr Mene het toegegee dat, as ek die tweede verweerder se weergawe en verduidelikings as ongeloofwaardig bevind, daar op die eisers se weergawe wel kwaadwilligheid in die arrestasies en aanhouding was.

42.1. Die tweede verweerder se houding die Vrydag en die Maandagoggend dat hy die reg gehad het om die eisers te arresteer en dat hy 48 uur tyd sou hê om hulle voor 'n Hof te bring, en derhalwe nie sou meewerk tot 'n vroeëre borgaansoek nie, is aanduidend hiervan.

42.2. Die feit dat die eisers uiteindelik in ruim minder as 48 uur kon aansoek doen om borgtog, doen geen afbreuk daaraan dat dit tot op daardie stadium, en duidelik ook ten tye van die arrestasies, die tweede verweerder se houding was nie.

42.3. Om die waarheid te sê, ek meen dat die feit dat die eisers vinniger voor die Hof gekom het, eerder die gevolg was van druk wat mnr Le Roux en die aanklaer (laasgemelde met sy telefoonoproep) op die tweede verweerder geplaas het, as wat dit aanduidend was van 'n verandering van houding of inisiatief aan die kant van die tweede verweerder.

42.4.Die gesloer met die administrasie en die beskikbaarstelling van die dossier, en die ongeloofwaardige verduidelikings daarvoor, dui ook hierop. Dat die tweede verweerder die proses beslis nie sou bespoedig het nie, sou klop met presies dit wat hy vroeër gesê het, naamlik dat hy die 48 uur periode sou gebruik (en, by implikasie, dat die eisers dus dié volle periode in aanhouding sou bly).

42.5.'n Verdere aanduiding van 'n kwaadwillige gesindheid aan die kant van die tweede verweerder is die feit dat hy die arrestasies nie net onregmatig uitgevoer het nie, maar in weerwil daarvan dat hy attent gemaak is op die eisers se weergawe (en op die feit dat daar stawing daarvoor beskikbaar was) en op die gemelde instruksies, en uitdruklik gewaarsku is oor 'n siviele eis.

42.6.Die magsvertoon met die aantal voertuie en polisiebeamptes by die eerste eiser se arres, was ook volgens my oordeel bereken op groter "*publisiteit*" van daardie arrestasie, en gevolglik groter gepaardgaande vernedering.

42.7. Die tweede verweerder se versuim om mnr Le Roux te skakel en in te lig van die voorgenome arrestasies, en om dit so moontlik te maak dat die eisers darem nie tuis en openbaar gearresteer word nie, was net 'n verdere manifestasie van sy kwaadwillige gesindheid. Hy moes sekerlik besef het dat arrestasie tuis vir die eisers baie meer publisiteit en vernedering sou beteken.

43. Omdat die tweede verweerder deurentyd opgetree het in die uitvoering van sy pligte as 'n polisiebeampte, moet hierdie gesindheid ook voor die eerste verweerder se deur gelê word.

Bykomstig hiertoe is daar nog die feit dat mnr Le Roux tot vandag toe nog nie eers soveel as 'n antwoord ontvang het op die skrywe wat hy die Maandagoggend aan die Provinsiale Kommissaris gerig het nie.

44. Vir sover Beukes en Steenkamp nie, toe hulle die Maandagoggend moes besef het wat die tweede verweerder se houding was, daadwerklike stappe geneem het om hom te stop nie, moet ook daardie versuim voor die deur van die eerste verweerder gelê word.

45. Ek is egter nie bereid om te bevind dat die arrestasies uitgevoer is ter uitvoering of bevrediging van een of ander politieke opdrag of agenda nie. Die enigste direkte getuienis hiervoor is die ongeloofwaardige weergawe van die tweede verweerder. Die blote teenwoordigheid van bepaalde persone die Maandagoggend en die Dinsdag by die Landdroskantoor, kan nie hiervoor genoegsame stawing wees nie en kan ook nie op die getuienis bevind word deur die tweede verweerder of enige ander polisiebeampte gereël of veroorsaak te gewees het nie.

46. Alhoewel moontlik ietwat meer aanloklik, is ek ook nie bereid om op die beskikbare getuienis te bevind dat die feit dat die eerste eiser, wat die naaste aan die polisiestasie woonagtig was, eerste gearresteer is, in plaas van oppad terug vanaf die tweede eiser se arrestasie, op die waarskynlikhede kwaadwillig was en met die opset om hom bykomend te verneder en te "*paradeer*" nie.

46.1. Dit is ewe waarskynlik dat die volgorde onbeplan of bloot ondeurdag was. Inteendeel, die polisie was juis op daardie stadium volgens die eerste eiser by die toneel van die beweerde

misdaad en dit mag moontlik om daardie rede wees dat sommer dadelik eerste na die eerste eiser se woning op dieselfde plaas gegaan is.

46.2.Die feit dat dié volgorde vir die eerste eiser bykomende tyd en blootstelling agterin die vangwa gekos het, kan egter nie weggedink word nie en sal in ag geneem word by die oorweging van sy skade.

47. Dit bring my by die feit dat die eisers in voetboeie ten aanskoue van die publiek deur die hofsaal geneem is die Dinsdagoggend, en by die vraag of dit kwaadwilliglik, en met die opset om die eisers te verneder, geskied het.

47.1.Daar is geen getuienis dat die tweede verweerder enige aandeel hierin gehad het nie. Wat die eerste verweerder betref, is dit seker moontlik dat 'n ander polisiebeampte net so kwaadwillig teenoor die eisers was en met daardie gesindheid toe voetboeie aan hulle gesit het of laat sit het. Daar is egter nie getuienis tot hierdie effek nie.

47.2.Volgens mnr Le Roux se getuienis, wat ek ook ten aansien hiervan ongekwalifiseerd as geloofwaardig aanvaar, was dit in sy ondervinding nie die "*reël*" dat verdagtes in voetboeie Hof toe geneem word nie. Dit bly egter dan steeds 'n ope vraag wie in hierdie geval op die betrokke werkswyse besluit het, en waarom.

47.3.Dit het ook geblyk dat daar geen ander manier was om die eisers vanaf die vangwa by die konsultasiekamer te kry as om hulle deur die hofsaal, waar daar noodwendig lede van die publiek sou wees, te neem nie.

47.4.Weereens aanvaar ek egter dat hierdie behandeling vir die eisers net nog verdere vernedering en krenking moes ingehou het, al sou dit dan ook nie kwaadwilliglik geskied het nie.

48. Ek neem wel in die guns van die verweerders in ag dat familie toegelaat is om vir die eisers ondermeer komberse te neem.

49. Mnr van Niekerk het toegegee dat dit onnodig sou wees om vir doeleindes van die oorweging van die omvang van die skade die onderskeid te tref waarna reeds hierbo in paragraaf 2 verwys is en dat een globale bedrag toegeken behoort te word ten aansien van die arrestasies sowel as die aanhouding van die eisers.

50. Ek meen verder dat daar ‘n onderskeid getref behoort te word tussen die twee eisers vir hierdie doeleindes. Sò ‘n onderskeid sou geregverdig wees in die lig van nie alleen hulle verskillende persoonlike omstandighede nie, maar ook in die lig van die feite van hulle arrestasies en aanhouding.

51. Wat laasgemelde betref, is die tweede verweerder nie ten aanskoue van familie of werknemers gearresteer nie. Hy het ‘n korter rit agterin die vangwa beleef en het darem ook nie die bykomende ongerief gehad wat die onbeskikbaarheid van bruikbare toiletgeriewe in besonder vir die eerste eiser ingehou het weens sy gesondheidstoestand nie. Hy is ook nie onderwerp aan die magsvertoon waarna ek reeds hierbo verwys het nie.

52. Wat hulle persoonlike omstandighede betref, is daar selfs nog groter rede vir ‘n onderskeid tussen die eisers wat die omvang van hulle skade betref.

52.1.Die eerste eiser is 44 jaar oud, teenoor die tweede eiser se 27 jarige ouderdom. Die eerste eiser is boonop 'n getroude man wat al die vader van drie kinders van 20 jaar, 19 jaar en 16 jaar oud is. Die tweede eiser was blykbaar nog 'n ongetroude man wat by sy moeder woonagtig was.

52.2.Alhoewel beide van hulle vir alle praktiese doeleindes boorlinge van Kakamas was en is, is daar tog 'n redelike verskil tussen hulle wat betref hulle posisies en die aansien wat hulle al verwerf het in die oë van die gemeenskap.

52.3.Die eerste eiser, as die heelwat ouer persoon, het uiteraard al heelwat meer vermag. Hy het as jongman, ná die voltooiing van matriek en van sy militêre diensplig, begin boer op grond wat hy by sy vader gehuur het. Vandaar het hy homself stelselmatig opgewerk, onder andere deur die oprigting en latere verkoop van 'n groente-groothandelbesigheid en die bedryf van 'n besigheid vir die vervoer van plaasarbeiders, tot waar hy vandag is.

52.4.Deur sy maatskappy verbou hy druiwe vir die uitvoermark en in 'n goeie seisoen is daar sowat 950 werknemers in diens van die maatskappy. Hy is ook 'n direkteur en 30% aandeelhouer in 'n verkoelingsonderneming wat deur boere in die omgewing benut word vir die stoor van druiwe. Hy was vir 'n tyd ook 'n bestuurslid van die plaaslike boerevereniging en van sy kerk.

52.5.Verder het die eerste eiser aansien verwerf as sakeman toe hy 'n sakesentrum te Kakamas ontwikkel het wat gelei het tot die totstandkoming van 'n hele paar nuwe besighede en heelwat werksgeleenthede vir die plaaslike gemeenskap.

52.6.Die tweede eiser het, nadat hy matriek voltooi het, vir twee jaar studeer aan die landboukollege te Worcester, en sedertdien is hy in diens van die eerste eiser (of die maatskappy) as 'n plaasbestuurder. Hy is verder 'n goeie rugbyspeler en sy suster is ook woonagtig te Kakamas. Sy vader is sedert hierdie gebeure oorlede. Sy getuienis dat hy alombekend is in Kakamas staan onbetwis.

53. Beide eisers het getuig dat hulle die arrestasies en aanhouding as geweldig traumaties beleef het. Die eerste eiser het sigbaar aangedaan geraak toe hy gevra is om sy gevoelens in hierdie verband te beskryf. Hy het die gebeure beskryf as 'n skok, ontnugtering en vernedering. Dieselfde is basies getuig deur die tweede eiser, wat steeds as gevolg van die gebeure probleme ervaar met slapeloosheid.

53.1.In kruisverhoor en in argument het mnr Mene gesuggereer dat beide eisers op hulle weergawe hulle arrestasies moes verwag het en nie so daardeur getref kon gewees het nie. Selfs op die tweede verweerder se weergawe egter moes daar hoop gebly het dat hulle nie gearresteer sou word nie, veral toe hy te kenne gegee het dat hy met sy seniors wou gaan raadpleeg.

53.2.Selfs al sou hulle egter ook die arrestasies voorsien het, meen ek dat dit te verstane is dat die werklikheid daarvan om gearresteer te word, agterin 'n vangwa vervoer te word en dan in 'n sel geboender te word, enige beskaafde persoon sou skok en skud.

53.3.Vir die eerste eiser was daar nog die verdere bekommernis van die impak van die gebeure op sy familie, en veral dan op sy vader en sy kinders.

53.4.Beide eisers het beskryf hoe die gebeure hulle vertroue in die polisie geraak het; veral die tweede eiser wie se vader jare lank in die polisie gedien het en wat dus in so 'n huis grootgeword het.

54. Mnr van Niekerk het, alhoewel hy volgens hom steeds van die eerste eiser instruksies gehad het om die toekenning van die volle geëisde skade van R300 000,00 te eis, aan die hand gedoen dat 'n toekenning van R150 000,00 per eiser nie as onredelik aangemerk sou kon word nie. Daarteenoor het mnr Mene betoog dat 'n toekenning van slegs R15 000,00 per eiser billik en korrek sou wees.

55. Beide mnr van Niekerk en mnr Mene het my na voorbeelde van toekennings van skade in soortgelyke gevalle verwys. Alhoewel vorige beslissings hieroor sekerlik relevant is, kan die toekennings wat daarin gemaak is nie sondermeer beskou word as 'n maatstaf wat noodwendig gevolg moet word nie (sien **Minister of Safety and Security v Seymour** 2006 (6) SA 320 (SCA) op 325B-326A).

56. So het mnr Mene byvoorbeeld verwys na die saak van **Maphalala v Minister of Law and Order**, 'n ongerapporteerde uitspraak van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof op 10 Februarie 1995 onder saaknommer 29537/93. In daardie geval is die eiser vir 150 dae aangehou in eensame opsluiting en ook nog gemartel. Skadevergoeding in 'n bedrag van R145 000.00 is destyds toegeken.

56.1.Mnr Mene het geargumenteer dat dié bedrag, aangepas volgens die verbruikersprysindeks ("*VPI*"), nou in die omgewing van R345 000,00 sou beloop het en dat, indien die laasgemelde bedrag dan deur die 150 dae van aanhouding gedeel sou word, dit sou beteken dat daardie toekenning vandag maar net sowat R2 300,00 per dag sou beloop het.

56.2.Hierdie benadering kan nie korrek wees nie en daar kan nooit sprake wees van so 'n "*daily tariff*" nie (sien **Bouwer v Minister of Safety and Security en 'n Ander**, 'n ongerapporteerde uitspraak wat op 8 Desember 2008 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling gelewer is in saaknommer 27479/21003).

57. Aan die ander kant van die spektrum van toekennings het mnr Mene my ook verwys na twee ongerapporteerde uitsprake in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling, naamlik **Minister of Safety and Security v Moloi** (saakno A262/2005, gelewer op 28 Februarie 2008) en **Lebaka v Minister of Safety and Security and Another** (saakno A114/2007, gelewer op 18 Februarie 2008), in beide waarvan op appél skadevergoeding van R15 000,00 toegeken is.

57.1.Beide gevalle is egter te onderskei op die feite. In die **Moloi**-saak was daar, behalwe vir 'n polisiebeampte se onredelike weiering om te kyk na 'n brief wat die eiser geglo het hom geregtig gemaak het op toegang tot 'n huis, nie werklik sprake van kwaadwillige optrede van die omvang hier tersprake nie. Daardie eiser is ook nie ten aanskoue van familie of andere gearresteer nie. Hy was 'n werklose man wat ook geen getuienis voor die Hof geplaas het van hoe hy sy arrestasie en aanhouding beleef het nie. Hy is vir net meer as 'n dag lank aangehou.

57.2.In die **Lebaka**-geval het die eiser twee dae in aanhouding deurgebring. Daar was geen sprake van kwaadwilligheid nie. Die betrokke eiser was 'n skrynwerker wat al by twee geleenthede gedien het as 'n munisipale raadslid. Hy was egter al by 'n vorige geleentheid ook in aanhouding weens dieselfde tipe oortreding, naamlik gesinsgeweld, en die Hof het bevind dat hy hoflik behandel is en nie tydens sy aanhouding blootgestel is aan "*adverse conditions*" nie.

57.3.Mnr Mene het my verder verwys na die beslissing in **Seria v Minister of Safety and Security and Others** 2005 (5) SA 130 (C), waar die eiser ongeveer twintig ure aangehou is en 'n bedrag van R50 000,00 skadevergoeding in Oktober 2004 toegeken is, wat aangepas volgens die VPI tans in die omgewing van R66 000,00 sou beloop het. Dié saak is egter van die onderhawige geval te onderskei, hoofsaaklik omdat in daardie geval uitdruklik bevind is dat daar geen sprake was van kwaadwilligheid aan die kant van die polisie nie. In daardie geval was daar 'n lasbrief vir die eiser se inhegtenisname, maar is daar 'n ooreenkoms bereik dat dit nie uitgevoer sou word nie, en was die polisiebeampte wat die arrestasie gaan uitvoer het, nie van dié reëling bewus nie.

58. Ek meen dat die teenwoordigheid en omvang van kwaadwilligheid by onregmatige arrestasie en aanhouding 'n wesenlike rol behoort te speel by die oorweging van die omvang van die skadevergoeding (sien bladsy 30 van die verslag in die **Bouwer**-saak).

59. In **Louw and Another v Minister of Safety and Security, supra**, is bevind dat die polisie die eisers met 'n kwaadwillige motief gearresteer het en aangehou het, naamlik om hulle 'n les te leer,

en dat die polisie se versuim om ag te slaan op die eisers se verduideliking 'n blatante versuim van hulle pligte was. Dan het die polisie ook nog in daardie geval toe bedriegtelik gepoog om 'n verklaring te vervals, aangesien die bestaande een nooit die arrestasies sou kon regverdig nie.

59.1. Die twee eisers is in daardie geval ten aanskoue van publiek gearresteer en saam met geharde misdadigers toegesluit in wat beskryf is as "*appalling conditions*". Hulle is vir twintig ure aangehou. Aan elk van hulle is R75 000,0 skadevergoeding toegeken, wat volgens die VPI nou in die omgewing van R102 750,00 sou beloop het.

60. In **Gellman v Minister of Safety and Security, supra,** is R80 000,00 skadevergoeding op 2 November 2007 toegeken. Dit sou aangepas 'n bedrag van ongeveer R96 800,00 beloop het. In daardie geval is die eiser, wat 'n toegelate prokureur was, maar wat op daardie stadium meer 'n besigheidsman was, by die polisiestasie gearresteer. Hy is egter daarna in boeie voor sy werknemers by 'n fabriek geparadeer. Hy is vir net meer as 48 ure aangehou ten aanskoue van, onder andere, sy kollegas (ander prokureurs). Hy het nie toegang gehad tot sy medikasie (vir 'n hartprobleem) nie en het volgens hom "*extreme stress*" ervaar tydens sy aanhouding. Ook in daardie geval is bevind dat die polisiebeampte gepoog het "*to build up as serious a dossier as he could*".

61. Dit bring my weer by die **Bouwer**-saak waarna reeds verwys is. Daar is R200 000,00 algemene skade toegeken vir die onregmatige arrestasie en aanhouding van die eiser, vir 'n periode van drie dae en drie nagte. In daardie geval is die eiser

gearresteer op sterkte van 'n lasbrief wat deur die polisie verkry is nadat hulle inligting aan die landdros voorgelê het wat tot hulle kennis nie gesubstansieer kon word nie. Die arrestasie is ook uitgevoer reëlreg strydig met 'n opdrag van die senior staatsaanklaer dat nie daarmee voortgegaan moes word voordat die uitslag van 'n verdere lykskouing beskikbaar was nie.

61.1.Die Hof het bevind dat die betrokke polisiebeamptes geweet het dat daar, op die inligting tot hulle beskikking, geen vooruitsig van 'n suksesvolle vervolging was nie en is bevind dat hulle inderdaad deur "*malice*" gemotiveer was.

61.2.Die Hof het verdere aanduidings van kwaadwilligheid gevind in die versuim van die polisie om te reageer op 'n aanbod dat die eiser gekontak kon word deur bemiddeling van 'n senior polisie-offisier, Direkteur Grobler.

61.3.Die betrokke eiser is bedriegtelik gelok na 'n polisiebeampte se kantoor en toe daar ten aanskoue van die publiek gearresteer en geboei. Dit was veral vir hom, wat self 'n senior polisie-offisier met baie jare diens was, 'n besondere vernedering, soos ook sy plasing in die selle.

62. In **Schabort v Minister of Safety and Security**, 'n ongerapporteerde uitspraak wat op 15 Desember 2005 in die Vrystaatse Afdeling gelewer is, is skadevergoeding in 'n bedrag van R200 000,00 toegeken. Aangepas sou dit nou op min of meer R245 000,00 neergekom het.

62.1.Alhoewel daar vanselfsprekend verskille is tussen die feite van daardie saak en dié van die onderhawige geval, is daar ook belangrike ooreenkomste.

62.2.Die betrokke eiser was ook ‘n gesiene besigheidsman met uitgebreide boerderybedrywighede. Hy was ‘n gegradueerde persoon en toegelate prokureur. Hy het op die direksies en besture van verskeie instansies gedien.

62.3.Die eiser is gearresteer ten aanskoue van sy vrou en by sy werksplek. Daar was drie tot vyf polisievoertuie en minstens vier polisiebeamptes betrokke.

62.4.Die eiser is die nag aangehou in ‘n sel saam met vyftien of sestien ander persone, terwyl die sel bedoel was vir vier persone. Die fontein waar hulle moes water drink, is deur almal gebruik as urinaal en die sel het gestink. Daar was nie genoeg matrasse en komberse vir almal om op die vloer te slaap nie en die sel was so oorvol dat, toe hulle gaan lê het om te slaap, hulle liggame aan mekaar geraak het. Die eiser is gedreig dat hy gesodomiseer en aangerand sou word en hy en sy prokureur was genoop om ‘n bedrag geld oor te betaal aan die sogenaamde leiers in die sel en om ‘n ooreenkoms aan te gaan met een van die ander aangehoudenes om die eiser te beskerm.

62.5.Die eiser is die volgende oggend Hof toe geneem, waar hy dadelik ontslaan is. Selfs daarna is hy egter eers vir nog ongeveer ‘n uur aangehou voordat hy op aandrang van vriende vrygelaat is. In totaal het hy net minder as ‘n dag in aanhouding deurgebring.

62.6.Die insident het gelei tot sielkundige probleme by die eiser, wat moontlik met terapie sou verbeter. Die feit dat hy begin het om sy boerdery- en sakebedrywighede in te kort, het gestrook met die simptome van sy sielkundige toestand, soos byvoorbeeld die onttrekking van mense en ook depressie. Die eiser het in elk geval ook internasionaal aansien en besigheid verloor toe 'n kontrak opgeskort is as 'n direkte gevolg van die betrokke voorval en die gepaardgaande publisiteit.

62.7.Afgesien van die ooreenkomste wat reeds uit die voorgaande blyk, is daar ook prominente ooreenkomste in sekere van die feite wat Kruger R bevind het verswarend te wees:

> 62.7.1.Die polisiebeampte het die eiser gearresteer ten spyte van 'n opdrag van 'n polisie-offisier, ene Liebenberg, om dit nie te doen nie. In die onderhawige geval het die tweede verweerder ook geen ag geslaan op wat Kaptein Steenkamp (of dan op sy weergawe Kaptein Beukes) gesê het nie.
>
> 62.7.2.Die betrokke ondersoekbeampte het sy selfoon afgeskakel sodat reëlings nie getref kon word vir 'n borgaansoek nie. In die onderhawige geval het die tweede verweerder nie vir mnr Le Roux geskakel om hom te waarsku oor die arrestasies nie en het hy die bring van 'n borgaansoek opsetlik vertraag.

62.8.Kruger R het uitdruklik bevind dat die voormelde aanduidend van kwaadwilligheid was.

63. Dit is bekend dat ons Howe in die verlede redelik konserwatief was in die toekennings wat in gevalle van onregmatige arrestasie en aanhouding gemaak is. In **Manase v Minister of Safety and Security and Another** 2003 (1) SA 567 (CkHC) is byvoorbeeld "*net*" R90 000,00 toegeken vir 'n arrestasie, aanhouding en vervolging wat bevind is kwaadwillig te gewees het en waar die eiser 49 dae lank in aanhouding verkeer het. Dié toekenning is in 2002 gemaak en sou nou op R123 300,00 neergekom het.

64. In die **Seymour**-saak waarna reeds verwys is, het die Hoogste Hof van Appél in 2006 bevind dat 'n toekenning van R90 000,00 gepas sou wees waar 'n 63 jarige man vir vyf dae in aanhouding was. Daardie toekenning sou nou op ongeveer R114 300,00 neergekom het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat vier van dié dae in 'n hospitaal in aanhouding deurgebring is. Afgesien van 'n gesloer om die betrokke eiser by mediese behandeling en 'n hospitaal te kry, was daar ook geen sprake van kwaadwilligheid nie en hy is nie onderwerp aan onnodige vernedering wat nie normaalweg en noodwendig deel van die arrestasie en aanhouding hoef te gewees het nie.

65. Dit is daarom dat dit so gevaarlik is om dogmaties toekennings wat in ander sake gemaak is, te volg.

66. Ek meen dat, alles inaggenome, dit in hierdie geval billik sou wees om aan die eerste eiser skadevergoeding in die bedrag van R130 000,00 toe te ken en aan die tweede eiser die bedrag van R100 000,00.

67. Daar is geen rede waarom die eisers nie op hulle koste geregtig sal wees nie en dit is ook nie geargumenteer nie. Die meriete is by

die aanvang van die verhoor toegegee en die toekennings wat ek gaan maak, sal beteken dat hulle ook op *quantum* substantiewe sukses behaal het.

68. Bygevolg word die volgende bevele hierin gemaak:

**1. Dit word gelas dat die verweerders, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander pro tanto kwytgeskeld te word, aan die eerste eiser sal betaal:**

1.1. **die bedrag van R130 000,00;**

1.2. **rente op die voormelde bedrag a tempore morae; en**

1.3. **koste van die geding.**

2. **Dit word gelas dat die verweerders, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander pro tanto kwytgeskeld te word, aan die tweede eiser sal betaal:**

2.1. **die bedrag van R100 000,00;**

2.2. **rente op die voormelde bedrag a tempore morae; en**

2.3. **koste van die geding.**

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Nms Applikant/Eiser: Adv van Niekerk, SC
In opdrag van/Namens: Duncan & Rothman, KIMBERLEY

Nms Respondent/Verweerder: Adv Mene
In opdrag van/Namens: Die Staatsprokureur, KIMBERLEY